# 2025 DIE KOORD

## UNIVERSITEITSOORD



SEPTEMBER & OKTOBER

NO. 712



**Outeur: Richard Foster**

*Gees van die lewende God,*
*wees die tuinier van my siel.*
*Hoe lank wag ek nou al op U – stil –*
*in 'n koue winter van my siel.*

*Maar nou, in die kragtige naam van Jesus Christus,*
*waag ek om U te smeek:*
*Hark weg die dooie blare van die verlede*

*Vergruis die harde kluite van my weerbarstige gewoontes en groewe*
*Werk diep in my in die ryk kompos van nuwe visie en vreugde*
*Plant diep in my siel u lewegewende Woord*
*Versorg, gee water, koester my hart*
*Totdat die nuwe lewe in my ontkiem, groei en blom.*

Net soos Pretoria se Jakarandas nou weer begin blom,
laat nuwe lewe in my opkom, groei en skyn.
Amen

Ds Anuschka Smit

# PREEKBEURTE

**5 Oktober**
Oggend & Aand:
Anuschka Smit

**12 Oktober**
Oggend:
Juan Ferreira
Aand:
Dr Gerrie Bodenstein

**19 Oktober**
Oggend:
Christian Oberholzer
Aand:
Anuschka Smit

**26 Oktober**

Oggend:
Anuschka Smit
Aand:
Arno Meiring

2 November
DANKFEES & NAGMAAL

Oggend:
Arno Meiring
Aand:
Christian Oberholzer




ALLE INLIGTING

# ONS IS DANKBAAR

Oktober en November is tradisioneel ons dankie-sê tyd, wanneer ons raaksien hoe goed die Here vir ons sorg en Hom dank en eer. Ons wil dit vanjaar op 'n handvol maniere doen:

- Ons wil vir die Here dankie sê vir lekker projekte, etes, reekse en uitreike wat ons as gemeente kon doen. In hierdie Koord is foto's van 'n klompie van die onlangse projekte; **wat was vir jou 'n hoogtepunt?** Ons sien ook nog uit na wonderlike kerssangdienste, orrelkonserte, Alpha, Pret draf, dinee en studentepret.
- Ons eredienste gaan in die volgende maand ook fokus op **dankbaarheid**. Kom kerk toe, volg die eredienste, en **ontdek weer die Here se geskenke in jou lewe.**
- Oorweeg 'n spesiale dankoffer vir dankbaarheidsmaand. Met 'n só 'n dankbaarheidsmaand-offer erken ons dat die Here alles wat ons het vir ons gee; en ons vertrou die Here om steeds vir ons te sorg. In Oktober gaan ons gedurende albei dienste 'n stasie in die kerk se portaal hê waar jy ook jou maandelikse debietorder gaan opdateer (of vir die eerste keer invul), en lidmaatbesonderhede kan nagaan.
- Kom vier saam **dankfees op 2 November** – die hoogtepunt van dankbaarheidsmaand. Ons vier ook **nagmaal** by albei dienste en deel en **bely die Here se liefde met mekaar.**
- Ten slotte eet ons nog 'n slag saam op 2 November. Ons beplan weer 'n heerlike **snoekbraai** waar ons ook mekaar se geselskap en heerlike kos as 'n gawe van die Here geniet.

Mag jy in hierdie danktyd verdieping in jou geloof en vreugde voor die Here beleef.

*-Arno Meiring*






BOSVELDTOER





# BOSVELDTOER

Die Bosvelders se onlangse uitreik was 'n onvergeetlike avontuur soos ons getoer het deur verskeie klein dorpies. Dit was gevul met harde werk, pragtige natuur en 'n oorvloed van God se genade.

'n Groep van 30 NG Universiteitsoord studente het 'n week lank deur die Bosveld getoer. Hier het ons hande uitgesteek onderandere na:
'n ouetehuis "Brits RusOord", Thabang kinderhuis, Sedibeng Spesiale Skool in Lephalale, Laerskool Unitas in Swartwater, Marken Laerskool, en ‘n minderbevoorregte gemeenskap in LeeuPoort. Of ons 'n ingang moes verf of lekker met die kinders speel, ons het vinnig besef dat die grootste seëning nie in die harde werk lê nie, maar in die ontmoetings met die mense van die Bosveld.

Ons het gemeenskappe gevind wat gevestig is op die Here se liefde, en hulle het ons soveel geleer oor om ons vertroue op die Here te stel en hoe ware dankbaarheid lyk. Dit was roerend om te sien hoe die geloof van hierdie mense ons groep se harte aangeraak het, as ook ons pense. Geen Bosvelder het honger gelei nie! Te danke aan die gemeentes se gasvryheid en heerlike kos, het ons heerlik geëet.

Tussen die mooiste natuur het ons vrede gevind. Ons het geslaap op die Limpopo Rivier se oewer en gebraai onder die bosveld se sterre terwyl ons diep gesprekke voer. Ons het baie gelag en wonderlike vriendskappe gevorm.

'n Groot dankie aan die kerk en die organiseerders vir die geleentheid asook al die gemeentes wat ons so bederf het met hulle mensewees en kossies. Bosveldtoer was meer as net 'n projek; dit was 'n uitreik wat lewens verander en ons herinner om elke dag nader aan die Here te leef.

~ *Jana Truter*

# LENTE-ETE

Vrydag, 12 September, het Universiteitsoord se jaarlikse Lente-ete vir 60 plussers plaasgevind in ons vrolik versierde kerksaal.
Ons is bederf met 'n héérlike lente-ete van 'n vars vrugtevoorgereg, 'n wye keuse van geurige koue vleise en 'n hele aantal aantreklike smaaklike somerslaaie. Die ete is afgesluit met 'n *Panna Cotta* nagereg.

Die gegons van die gaste was 'n bewys dat ou vriendskapsbande net opgetel is en dat daar verder gekuier is. Nuwe vriendskapsbande is aangeknoop en soos ons by Universiteitsoord doen, word almal hartlik verwelkom.

Net om die oggend verder genotvol te maak, het die bestuurspan gereël dat Elné Joubert met haar mooi stem en vaardige kitaarspel ons met nostalgie meegevoer het deur die liedere op haar fyngekose program.

Baie dankie Universiteitsoord vir besondere geleenthede soos hierdie om ons geestelik sterk te maak om die uitdagings van die realiteit van ons tyd, weer vierkantig in die oë te kyk.

Ons is met ligte tred en 'n huppel in ons stap daar weg.
Ons is dankbaar teenoor die Here vir die ondersteunende gemeenskap van gelowiges by Universiteirsoord.

~ *Elna Pieterse*





## LENTE-ETE









## STRAATBRAAI 2025


















KASKAR











# WAT GEBEUR ALLES BY UNIOORD?













HOU ONS SOSIALE MEDIA
EN WEBWERF DP:

*UNIVERSITEITSOORD.CO.ZA/NUUS*

# BOEKRESENSIE

**SPANGENBERG, SAKKIE. 2024. Die Bybel, die Christelike godsdiens en die waarheid. Gansbaai: Naledi.**

Sakkie Spangenberg is `n afgetrede professor in Ou Testament aan Unisa.
Die boek is `n kritiese beskouing van “waarhede rondom die Bybel en die Christelike geloof...in `n poging om te verduidelik dat waarheid met verloop van tyd kan verander” (bl. 14).

In deel A word breë temas bespreek, in deel B gaan dit oor spesifieke aspekte van die Christelike geloof, en deel C verskaf `n historiese perspektief op die Christelike godsdiens. Spangenberg illustreer hoe waarhede oor tyd kan verander soos wat nuwe feite en insigte na vore kom, omdat dit altyd verweef is met kulturele en historiese kontekste.

Ook in die Bybelwetenskappe het verskuiwings plaasgevind. Navorsers weet byvoorbeeld nou dat daar omstreeks 50 n.C `n teks in omloop was wat uitsprake van Jesus bevat het, terwyl die eerste verhalende evangelie, dié van Markus ongeveer 70 n.C ontstaan het. Die ander verhalende evangelies het hierdie bronne gebruik, maar ander gesigpunte ingewerk; die Johannes-evangelie, wat laaste geskryf is, “teken `n totaal ander prentjie van Jesus en sy boodskap” (bl. 40).




Die Bybel en die ekumeniese belydenisse is “geanker in die wêreldbeeld van antieke mense” (bl. 52). Dit het `n drieverdiepingheelal veronderstel – hemel, aarde en die waters onder die aarde en die doderyk. `n Bybelteks soos Psalm 139 en wat in die Apostoliese Geloofbelydenis bely word oor Jesus reflekteer hierdie wêreldbeeld.

Om begrippe soos "hemel" en "hel" metafories te interpreteer stem nie ooreen met hoe vroeë Christelike teoloë dit verstaan het nie. Die Bybel en belydenisse is ook verweef met die "antieke mensbeeld" wat aan die mens `n "unieke plek in die kosmos" toeken (bl. 61). Die moderne wetenskap leer egter dat die mens nie "uniek" is nie, maar die resultaat van `n evolusieproses.
Volgens Spangenberg kom die Christelike oortuiging dat die mens bestaan uit `n "sterflike liggaam en `n onsterflike siel" nie in die Bybel voor nie, maar is dit ontleen aan die antieke Griekse filosofie (bl. 65).

Hy argumenteer dat die idee van `n "onsigbare wêreld waar wesens bestaan wat gebeure op aarde kan beïnvloed" verbandhou met `n antieke wêreldbeeld, en nie houdbaar is in `n eietydse konteks nie (bl. 77).

In hoofstuk 7 verduidelik Spangenberg die "meesterverhaal van die Christelike godsdiens" aan die hand van die ekumeniese belydenisse en die drie gereformeerde belydenisskrifte. Hy toon aan dat die skeppingsverhaal nie bedoel is as `n "wetenskaplike verhaal oor hoe die heelal tot stand gekom het nie" (bl. 113). Daar is volgens hom ook geen bewyse dat `n Skeppergod agter die oerknal sit of deur evolusie geskep het nie. Spangenberg bespreek die tekste in Genesis, Psalms en Romeine wat as basis aangebied word vir die Christelike leer van sondeval en erfsonde, en beweer dat die leer berus op `n foutiewe interpretasie van die tekste.

Die leer kom nie in die Ou Testament voor nie, en is ook nie deur Jesus en sy dissipels verkondig nie. Die leer van Jesus se maagdelike geboorte is vanuit `n premoderne konteks basies tot die oortuiging dat Hy die lyn van erfsonde verbreek het; daar is geglo dat die lyn deur die man voortgeplant word. Dit is ook gebaseer op `n foutiewe lees van Jesaja 7.

Spangenberg ontleed wat hy beskou as die spanning tussen Jesus as historiese figuur, die Jesus van kerklike dogmas, en die "Jesus-karakter" wat ons in die Nuwe Testament aantref (bl. 136).

Die lydensverhale in die sinoptiese evangelies verkondig nie dat Hy aan die kruis moes sterf ter wille van ons sonde nie. Trouens, skryf Spangenberg, die kruisdood of enige ander mensoffer word nêrens in die Ou Testament gestel as vereiste vir God se vergifnis nie.

Ruimte ontbreek om `n oorsig te gee van al die besprekings in die boek. Dit is toeganklik geskryf en logies uiteengesit. Die kritiese vrae wat gestel word oor die Christelike geloof volg logies uit die inligting wat Spangenberg verskaf oor historiese kontekste en navorsing.

**Oor sy konklusies sal lesers verskil.** Sommige lesers beleef dalk die hoofmomente van die verlossingsnarratief anders as wat dit hier voorgestel word.
`n Mens sou byvoorbeeld kon vra of die Christelike geloof werklik `n rigiede en geslote denkraamwerk is? So nie, hoe lyk `n eietydse verstaan van die tradisionele leringe en belydenisskrifte?

# EERSTEJAARSKAMP

## NG UNIVERSITEITSOORD - PRETORIA

# 2026




**DATUM**

## 19-23 JANUARIE 2026

## DIE KAMP VAN JOU LEWE

'n Voorsmakie van studentelewe
Geleentheid vir nuwe vriende
Hope pret
Bybelgesprekke
Aktuele vrae
Geestelike groei

WWW.UNIVERSITEITSOORD.CO.ZA

066 408 0909

@UNIOORD

UNIVERSITEITSOORD EERSTEJAARSKAMP

UNIVERSITEITSOORD



## MEER INLIGTING

linktr.ee/universiteitsoord

## KONTAK ONS

**Kerkkantoor:**
066 408 0909
kantoor@unio.co.za
**Maretha Minnaar**
Finansies & Admin
**Maryna Enslin**
Bemarking & Kommunikasie

**Koster & Besprekings:**
**Juan Ferreira**
084 588 4948
koster@unio.co.za

**Predikante:**
**Arno Meiring**
Tuisgemeente
082 807 4530
arno@unio.co.za

**Anuschka Smit**
Amicus - Dagstudente
072 599 0695
anuschka@unio.co.za

**Christian Oberholzer**
Meraki - Koshuisstudente
082 349 7317
christian@unio.co.za

**Alicia Bosman**
Gemeentejaarstudent
083 488 4641

## DIENSTYE

Sondae 09:30 & 19:00

## ADRES

Duxburyweg 105,
Hillcrest, Pretoria, 0083

## PREEKBEURTE

universiteitsoord.co.za
/dienste

## KALENDER

universiteitsoord.co.za
/nuus




www.universiteitsoord.co.za/preekopnames

## DANKOFFERS

NG Gemeente Universiteitsoord
ABSA
Tjekrekening
Takkode 632005
540 580 006

SnapScan

www.universiteitsoord.co.za